

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees  
van die waarheid en  
die gees van die dwaling*

Redaksioneel

## Transformasie of Reformasie?

Om dieselfde 'jy' anders te maak. Dit is wat transformasie is. Alles en almal moet deesdae transformeer. Ook die kerk van Christus moet sy deeltjie in verband met transformasie doen. Hoe lyk die nuwe ge-Transformeerde Kerke van Suid-Afrika (TKSA) en wat het dit met die Gereformeerde Kerke te doen?

Die transformasie van die kerke is nie maar soos 'n slang wat sy vel afskud vir 'n nuwe seisoen nie. Transformasie is hier nie om droogskoongemaakte dogmas as 'n nuwe-mode winterbaadjie te dra nie. Transformasie is 'n ander evangelie.

### Hoe lyk 'n getransformeerde kerk?

Transformasie in die kerke het bepaalde kenmerke. Transformasie kom altyd onder druk na vore. Dit kan ekstern of intern wees, of so 'n knippie sout van albei. Druk van buite die kerk kom in die vorm van 'n pasboek-stelsel vir die kerk. Dit is waar die van-nie-kerks in die samelewing die kerk na 'n lokasie verban waaruit jy net mag kom as jy die regte, goedgekeurde gestempelde, werkspersmit het. Die kerk word doelbewus geïgnoreer en word 'n kort spreekbeurtjie gegun slegs as aan die eise van transformasie voldoen word. 'n Getransformeerde kerk het 'n gedrukte pasboek. Hy kan nie meer van Christus praat voor almal

nie, want in sy pasboek staan hy mag slegs van 'n getransformeerde christus praat wie se volgelinge help om transformasie te bewerk en in stand te hou. Transformasie het tans ideologiese afmetings aangeneem: die onderskeid tussen goed en kwaad word gemeet aan of dit transformasie aanhelp of nie. En ses, ja sewe weë oor jou as jy sonder 'n pasboek in transformasie st(r)aat gevang word ...

### Voorgeskrede agenda

Die kerk se agenda word aan hom voorgeskryf. Kort-kort moet jy lees en hoor wat sê die kerk hieroor of daaroor. Nié omdat die keiser se manne belangstel in hemelse leiding nie, maar om te verneem hoe die 'hemelinge' hier op aarde gaan handjie bysit met die transformasie van die aarde na die standaard van die aarde. Die keiser het die swaard en die beursie. Tans gebruik hy sy subsidiestelsel ten opsigte van hoër onderwys om die kerk se agenda subtiel te bepaal. Hierdie tentakel het baie diepe rykwydte. Die navorsingsareas in die teologie word (mede-) bepaal deur die politieke korrektheid daarvan. Tekste word al hoe meer aan transformasie vasgeplak. Hierdie truuk is nie nuut nie. Hitler het dit al laat doen.

Talle kere het die kerk al geswig om die Woord te laat buiksprek vir die ideologie. Die getransformeerde kerk

word vir alle praktiese doeleindes aangewend en bestuur as 'n nie-regerings-organisasie (NGO in Engels). Die getransformeerde kerk mag/moet voorbehoedmiddels en komberse uitdeel sonder om iets te rep oor God se sewende huwelikswoord, of om Christus se barmhartigheid met vertroosting uit die Skrif te laat skitter. Wat in die gesubsidieerde klaskamer in buitengewone dogmatiek geleer word, word spoedig op die getransformeerde kansel gepreek. Ek is 'n ubuntu mens deur ander mense - soos die ou trouliedjie lui: en ons sê almal so, en ons sê almal so. Buikspraak word buikloop in die getransformeerde kerk met sy getransformeerde valse-christusse.

### Beestelike vernuwing

Die getransformeerde kerk is die dier wat uit die aarde uit opkom. Dit ken geen geestelike vernuwing van die Heilige Gees nie, maar dierlike vervorming - beestelike transformasie. Dit het die stem van die draak aangeleer. 'n Stem uit die aarde vir die aarde. Binne die kerk word die druk vir transformasie ook aangevoel. Kwistig word die relevansie-kwas gebruik. So word gereeld gesê: As die kerk nie *nou* transformeer nie, gaan hy vir *altyd* alle relevansie in die wêreld verloor. Kerkvernuwing word sosiologiese studies. Uit die sakewêreld en

## INHOUD

- 1 Redaksioneel  
**Transformasie of Reformasie?**
- 3 Skrifoordenking  
**Moet suigelinge van verbondskinders ook gedoop word?**  
*Ds HLJ Momberg*
- 5 Aktueel  
**Die Islam (2)**  
*Ds DJ Malan*

- 7 Op die kerkerf  
**Die uniekheid van ons enige geloof**  
*Dr LM Erasmus*
- 9 Uit die geskiedenis  
**Augustinus se De Civitate Dei (Die stad van God) (2)**  
*Prof VE d'Assonville*

- 10 Persskou  
- **Eenheid, verband, skeuring**  
- **Is daar 'n uitweg?**  
- **Eksklusiewe Doppers**  
*Ds GJ Meijer*

ander hulpwetenskappe word allerhande vindingryke handgrepe gemaak waardeur die kerk homself herontwerp om met sy modieuse snyerspakkie in die wêreld te wees - maar ook natuurlik en na-dier-lik van die wêreld.

## Hermeneutiese sonkrag of batterye?

Die grootse transformele verraad van die kerk het die afgelope dekades in die hermeneutiek (verstaankunde) plaasgevind. Met getransformeerde implemente (geleen uit die heidense filosofie en meer spesifiek kenteorieë) is gepoog om gereformeerde teologie te bedryf. Die heidense kenteorieë, in al hulle variasies en mutasies, het egter een saak in gemeen: almal rus op skeptisisme, dat die goddelike werklikheid eintlik onkenbaar geword het. Die heidene sê jy kan buite die werklikheid niks werklik ken nie, en binne die werklikheid is die betekenis van dinge nie aan jou gegee (geopenbaar) nie, maar ken jy betekenis toe en gee jy sin aan jou lewe en werklikheid. Jy maak die werklikheid wetenskaplik oop om vir jouself betekenis toe te ken aan jou lewe.

Die kerk het in hierdie *franchise* ingekoop en ontvang elke maand getrou sy nuutste katalogus vir betekenis toekenning. In die getransformeerde teologiese klaskamer beteken dit dat die taalteorie die hermeneutiek bepaal. Die filosofie sê wat die kerk is, en die kerk sê nie meer wat ware hermeneutiek is nie. Die instrument is so gekalibreer dat dit nie openbaring kan ontvang nie, want dit werk nie op sonkrag (die son van geregtigheid, Maleagi 4:2) nie, maar dit werk met menslike batterye. Die huidige hermeneutiese taal- en verstaan-instrumente sê jy kan God nie eintlik ken behalwe wat jy self daaraan toeken nie. Hoekom is ons dan verbaas as God se lig, die son van geregtigheid, Jesus Christus, nie meer oor en op en vanuit die getransformeerde kansel skyn nie? Dit kan nie anders nie, want die stem van die draak en die dier wat uit die aarde opkom, word getransformeerd voorgedra as die stem van die goeie Herder. As gesê word ons moet hermeneuties met Paulus doen

wat Paulus aan Dawid gedoen het, beteken dit niks anders nie as dat ons 'n transformasie testament naas die Ou en die Nuwe Testament skryf.

## Transformasie en tradisie

Die ge-transformeerde kerk treur oor die belydenisskrifte soos oor 'n geliefde ou moeder se graf wat besoek word. Of nog erger: 'n treurige ontsteltenis wat by die leë(g gemaakte) graf sê: Hulle het my Here gevat en ek weet self nie waar ek Hom neergesit het nie. Die belydenisskrifte word as sentimentele tradisionele bakens hanteer. Soos om heimwee te kry om jou hand liefderyk oor 'n ou landmeterskaart te stryk, maar om te 'weet' dat die ou kaart - hoe goed ook al bedoeld - effens onakkuraat is, en dat jy die getransformeerde moed aan die dag moet lê, om met die ou kaart in jou sak, hom nie te volg nie. Getransformeerde kerklike meerweterige vergaderings sal sê dat die belydenis die taal van my tradisie is, die stem van my geliefde ou moeder (1859-2003) wat tog maar effe naïef was in haar verknogtheid aan die ou kaartjie. Ek sal die landkaart nooit weggooi nie, ek is te lief vir haar; ek sal die kaart nooit meer kan volg nie, ek is te slim vir haar.

Sien hoe hou ek die liefde en die waarheid vas. Ek is lief vir die kerk. Dit is my gereformeerde tradisie. Ek hou vas aan die waarheid wat ek self met my nuwe lees en karteer-instrumente oopgemaak het. Dit is my transformasie-styl. Dit is al wat dit is, 'n nuwe styl. My hart sit nog

op die regte plek. Ek kan selfs vir 'n stemtoets gaan - ek en jy, duisend demokraties maal, sal stem op meerdere vergaderings en toets wat ons dink die stem van die Herder is. Natuurlik kan ons nou nie meer die Skrif se stem toets nie, want jy weet self hoeveel meerstemmige interpretasies daar is. Ek is net so lief vir my geïnterpreteerde Christus as wat jy seker vir joune is. Nee, al wat sal help is dat ons mekaar moet bly liefhê en vashou en saamstem oor die waarheid. Die getransformeerde kerk stem demokraties oor die waarheid en stem nie meer in met die waarheid nie. Ook dit het 'n ryke tradisie in die mensdom se geskiedenis.

Is dit nie wonderlik om te sien hoe die getransformeerde kerk die wêreld oorwin nie? Toe ons klaar gestemtoets het, sien ons die wêreld was toe al die tyd ook reg. Toe die getransformeerde hermeneutiek die kerk se beleid geword het, is aan die kanon gepeuter en het die kalibrering verskuif uit die hemel na die aarde. Grense het toe ook verskuif. Die grens tussen kerk en sekte, tussen ware kerk en valse kerk, tussen kerk en wêreld, tussen demoon en engel, tussen God en mens het verskuifend in die niet getransformeer. 'n Getransformeerde kerk is 'n kerk sonder grense. En 'n kerk sonder ware grense is 'n kerk sonder ware mense.

Die getransformeerde kerk is nie die gereformeerde kerk nie.

ALAB

## **DIE PSALMS SING VAN CHRISTUS**

'n Dagboek waarop ons gewag het – prof VE d'Assonville het 150 dagstukke oor die Psalms geskryf.

Johannes Calvyn het gesê: 'Daar is geen ander boek soos die Psalmboek nie'. Dit is lewensomvattend, alles van die mens se lewe word beskryf. Dit gaan oor God, die Skepper van hemel en aarde. Dit dek die hele geskiedenis van die mensdom. Dit gaan oor konings, priesters en profete, oor geboorte, lewe en dood, oor God se genade, ons sonde, berou en bekering. ... En die belangrikste van alles: Jesus Christus ons Verlosser word verkondig!

Pragtige leesstukke om die dag mee te begin of af te sluit. Ook geskik vir Bybelstudie.

Neem en lees! 194 bl. Slegs R90.

# Moet suigeling van verbondskinders ook gedoop word?

## Kolossense 2

**... en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; in wie julle ook besny is met 'n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus.**

Die tema van die kinderdoop kom telkens in die Nuwe Testamentiese kerkgeskiedenis weer aan die orde. Dit is tegelyk 'n hartseer en interessante verskynsel. In die tyd van die Reformasie van die 16e eeu, is hierdie saak teenoor die optrede van die wederdopers grondig bestudeer en beskryf. As vrug daarvan het ons hieroor vandag 'n helder en eenvoudige beskrywing, onder meer in die Heidelbergse Kategismus.

Sondae 26 en 27 van die Kategismus handel oor die Heilige Doop. Hierdie sakrament het die Here Jesus vir ons gegee in die plek van die besnydenis en is bedoel om aan ons te verkondig en te verseël hoedat God sy salige verhouding met ons *begin* het. Die nagmaal is weer aan gelowiges gegee om aan ons te verduidelik en te verseël hoedat ons salige verhouding met God *voortgesit* word.

In Sondag 24 behandel die Heidelberger die plek van goeie werke in ons geloofslewe. Daaruit is duidelik dat ons die plek van ons goeie werke eers sal verstaan as ons besef dat ons salige verhouding met God uit twee duidelike momente bestaan:

- die ontstaansmoment van die verhouding – dit is eenmalig en onherhaalbaar;
- die voortsettingsmoment – dit is eintlik 'n herhalende en voortdurende aksie.

Die ontstaansmoment van ons salige verhouding met God is 'n daad, suiwer van sy kant alleen. Daarom praat ons van

daardie ontstaansmoment as die monopleuriese aksie van God by die ontstaansomblik van sy genadeverbond met ons. Dit is ook die rede waarom ons as mense geen goeie werke kan verrig of prestasies kan lewer by die beginpunt van ons saligheid nie. Geen saligheid deur goeie werke nie. Selfs nie eens enige hulp of bydrae van ons kant daarin nie. Alleen maar die volmaakte soenverdienste van Jesus Christus wat aan ons toegesê word maak ons salig. *Sola gratia!* Alleen genade! Dit is die betekenis van die doophandeling, net soos dit ook die betekenis van die besnydenishandeling in die Ou Testament was.

Die mense wat die kinderdoop verwerp doen dit deels omdat hulle nie bereid is om te erken dat die besnydenis van die Ou Testament oorgegaan het in die doop van die Nuwe Testament nie. Hulle vernaamste argument teen die besnydenis is dat hulle die besnydenis net as 'n kulturele en 'n volksteken vir Israel sien. Hulle meen dat die besnydenis niks met ons geestelike verhouding met God te doen gehad het nie, maar dat dit net 'n aardse en natuurlike teken was. Daarom weier hulle om dit in verband met die Nuwe Testamentiese doop te bring.

Dit is jammer dat hierdie verwaaldes nie deeglik gaan lees en verstaan wat daar in die Ou Testament aangaande die besnydenis geskryf is nie. Verder ag hulle ook nie die verklarings daarvan in die Nuwe Testament na waarde nie. Die besnydenis is by Abraham vir Abraham as 'n teken van die verbond gegee. Hierdie handeling was gebruiklik onder die destydse volkere, maar die HERE het dit met spesiale betekenis aan Abraham opgedra. Sowel die instelling van die verbond asook die besnydenis, is bekende konsepte wat God uit die alledaagse lewe van destyds geneem

het. Hy het dit met geestelike betekenis verhef tot 'n hoër vlak en betekenis as die alledaagse gebruik.

So hoor ons nog in ons gedagtenis die verbondsworde wat God tot Abraham spreek het. Die spreekstyl sowel as die formele vormgewing kom uit die alledaagse wêreld, maar Hy vul dit met diepe geestelike en ewige betekenis. 'Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag na jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou' (doopformulier). God as die hoë en verhewe party neem inisiatief en reik Homself monopleuries uit na Abraham en maak 'n salige belofte aan hom en sy nageslagte tot in ewigheid.

Met die herhaling en bevestiging van hierdie verbond in Genesis 17 het die HERE beveel dat almal wat manlik is besny moet word – Abraham toe hy al baie oud was, maar ook al die mans van sy huishouding en alle seuntjies (op die agtste dag na geboorte).

Paulus, die formidabele kenner en eksegeet van die Ou Testament, verklaar geïnspireer die betekenis hiervan vir die Nuwe Testamentiese gemeentes. In Romeine 4:11 stel hy: 'En hy het die teken van die besnydenis ontvang as 'n seël van die geregtigheid van die geloof toe hy nog nie besny was nie; dat hy die vader sou wees van almal wat glo terwyl hulle onbesnede is, sodat ook aan hulle die geregtigheid toegereken sou word'.

Paulus praat oor die besnydenis in die betekenis van God se geregtigheid. 'n Geregtigheid wat – veral in die situasie van die gemeente van Rome, met die bekende Romeinse regstelsel in gedagte – daarop neerkom dat ons voor God se regterstoel vrygespreek word. Die ewige dood is nie meer ons lot nie, maar ons kan die ewige lewe beërwe. Dit

is die betekenisraamwerk waarin Paulus die besnydenis inbring. God het dit eerste aan Abraham as volwasse gelowige gegee. God se Ou Testamentiese verbondsvolk begin met die besnydenis van 'n volwassene. Dit is vir Abraham die bewys dat God sy belofte gestand sal doen. Abraham verkry vryspraak, nie op grond van sy eie werke nie, maar op grond van die plaasvervangende offer. Die lewe van 'n 'plaasvervanger' is in Abraham se plek aan God geoffer. Abraham kan hierdie vryspraak in ontvangs neem slegs deur in God te glo, deur God op sy Woord te neem. As dit die betekenis van die besnydenis vir Abraham was, moet ons ook die verdere implikasies hiervan bekyk. Nie net Abraham moes as volwasse besny word nie, maar ook kleine Isak op 8-dae ouderdom. Ons weet dat die HERE geen ander betekenis aan Isak se besnydenis gegee het as aan dié van Abraham nie. 'n Teken en seël van die geregtigheid wat God vir ons in Christus bewerk het, waaraan ons deel kry deur in Hom te glo.

Die besnydenis was beslis nie maar net 'n aardse nasionale volksteken nie, maar het in die egte Nuwe Testamentiese sin, heilshistoriese en heilsordelike betekenis gehad. Geestelike betekenis. So 'n betekenis dat dit in alle waaragtigheid kon verduidelik en verseël hoedat God sy ewige salige verhouding met sy geliefde kind begin het.

Wat het dan van die besnydenis in die Nuwe Testament geword? 'n Groot worstelstryd het in die Nuwe Testamentiese kerke ontstaan oor die vraag of die nuwe bekeerlinge tot die christelike geloof steeds besny moet word of nie. Eindelik het die kerke besluit om in dieselfde gees as wat ons dit vandag in artikel 48 KO verwoord, afgevaardigdes na Jerusalem te stuur om die mening van die apostels en van die ouderlinge in hierdie saak te verneem. Die hele saak is omstandig in Handeling 15 beskrywe. Nadat die Woord van die Here voorgelees is, het die apostels en die ouderlinge aanvaar dat dit die Heilige Gees se mening is om die broeders verder geen las ten aansien van die besnydenis op te lê nie. Wat was die motivering vir hierdie besluit? Die inhoud van hierdie besluit moes aan al die gemeentes oorgedra word. Dit is inderdaad wat Paulus in sy brief aan

die Kolossense doen. Hy verskaf die eksegetiese onderbou waar die besluit van Jerusalem op rus.

In Kolossense 2:9 en 10 begin die grondslae van die argumentasie. Die vertrekpunt is dat ons, Nuwe Testamentiese gelowiges, die volheid van die Godheid ontvang het – nie meer in die offers en seremonies van die Ou Testament nie, maar in Christus liggaamlik vervat. Ons hoef nie meer iets van die Godheid te soek wat buite Christus om verklaar moet word nie. Die Vader het daarvoor gesorg dat sy Seun, as die afdrukseel van sy wese, Hom in volheid aan ons sou kom bekendstel en verklaar.

Hiermee vind ons die kern van die evangelie van ons salige verlossing. Deur Jesus Christus verkry ons toegang by God. Deurdat die versoeningsbloed van Christus ons sondes bedek, het ons weer vrymoedigheid om na God te gaan. Ons word deur twee kardinale gebeure met Christus verbind:

- Ons word saam met Hom verbind aan sy sterwe en begrafnis (in besnydenisterme);
- Ons word ook verbind aan sy opstanding uit die dood (in doopterre). So ondergaan ons saam met Christus sy state van vernedering asook van sy verhoging.

Met Christus se sterwe het Hy hierdie gevalle en sondige natuur van ons, waarin Hy ook net soos ons gebore is, finaal afgesterf – Hy is weliswaar in die gevalle natuur gebore maar sonder sonde; ons sonde is alles op Hom gelaai. Die besnydenishandeling van die Ou Testament verwys veral hierna. Die afsnyding van die voorhuid is die heenwysing na die aflegging van ons ou natuur in die dood. So praat Paulus in vers 11 oor die besnydenis. Julle christene, julle wat aan Christus verbonde is, julle is reeds deur julle verbondenheid aan Hom, ook besny. Hy praat tog met christene – ook uit die heidendom? Hoe kan hy sê dat hulle besny is? Dit is nie die letterlike besnydenis nie. Hy sê dit ook. Dit is nie die besnydenis wat met die hande verrig word nie, maar die ware besnydenis waarvan die Ou Testament nog al die tyd gepraat het; die geestelike besnydenis; die besnydenis van die totale oue menslike natuur waardeur ons na die innerlike mens

gereinig word. Die besnydenis van Christus se afsnyding aan die kruis op Golgota. Christus reinig ons van ons sondige natuur. Sy bloedvloeiing word vir ons as ons besnydenis toegereken en geskenk. Deur ons inlywing in Christus is ons sondige natuur ook afgesny. Sy reiniging word op hierdie manier vir ons toegereken en geskenk. Daarom kon Paulus vir die christene sê dat hulle reeds besny is omdat hulle in Christus is. Daarom is dit nie nodig dat hulle weer 'n keer besny moet word nie.

Wanneer het hierdie inlywing en besnydenis in Christus en die aflegging van my sondige vlees in die besnydenis van Christus met ons plaasgevind? Hoe is dit moontlik dat sommer so vir ons gesê kan word dat ons eintlik reeds besny is?

Paulus beantwoord dit in vers 12: 'omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop'. Tydens hulle doop het alles wat hier van die besnydenis beskrywe is en die betekenis daarvan ook met hulle gebeur. Kyk hoe hy die betekenis van die doop in vers 12 beskryf. Ook van die doophandeling word die geestelike betekenis weergegee – die afsterwe van ons ou natuur in die begrafnis van Christus en die opstanding van die nuwe mens in die opstanding van Christus uit die dode.

Maak dan die vergelyking. In vers 11 handel dit oor die geestelike betekenis van die besnydenis wat heenwys na die versoeningsdaad van Christus. Daarna gaan dit oor die geestelike betekenis van die doop wat ook heenwys na dieselfde versoeningsdaad van Christus – dat ons in en deur Christus aan al hierdie geestelike dinge deel het. Julle hoef nie meer uitwendig besny te word nie, omdat julle die geestelike betekenis van die besnydenis reeds ontvang het toe julle gedoop is.

Daarom bely ons dat die besnydenis oorgegaan het na die doophandeling, dat die doop in die plek van die besnydenis gekom het.

Dit is heerlik om te weet dat God sy kinders van die Ou Testament nie op 'n ander manier in sy verbond van genade opgeneem het as wat Hy doen met sy kinders van die Nuwe Testament nie. Dit is heerlik om Petrus op pinksterdag uit Joël 2, die Ou Testament, te hoor preek. Vir die

Nuwe Testamentiese kerk wat in die Gees van Christus gereinig is sê hy: 'Want die belofte kom [nie net die

Ou Testamentiese gelowiges en hulle kinders nie, maar ook] julle toe en julle kinders [julle suigeling - vergelyk

Joël 2:16] en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep' (Handelinge 2:39).

Aktueel

Ds DJ Malan, Pretoria

## Die Islam (2)

Die Islam is een van die snel-groeiendste godsdienste ter wêreld. Naas die christendom is dit die godsdienst met die meeste aanhangers. Vandag word gereken dat ongeveer 20% van die wêreldbevolking Moslems is. Die Islam was reeds in 1983 die meerderheidsgodsdienst in meer as 35 lande.

Die praktyk het bewys dat die Islam een van die moeilikste godsdienste is om te bearbei.

Ongeveer 3 000 sendelinge werk tans onder die Moslems, maar die suksessyfer is baie klein. Ons staan hier voor 'n onomstootlike feit: Die Islam is 'n kragtige godsdienst, 'n godsdienst wat daarin slaag om sy volgelinge tot fanatiese ywer op te sweep.

### 'n Geloof gebou op rasionalisme en humanisme

Hulle godsdienst rus nie op geloof nie, maar op dit wat die mens met sy verstand kan beredeneer en verklaar en wat die mens self kan doen om gered te word. As christene aanvaar ons eenvoudig gelowig die waarhede in die Bybel, omdat ons goed weet dat ons menslike verstand nie die almag van God kan deurgrond nie. Daarteenoor wil die Moslems self verstaan, self uitredeneer, en sy lewe langs hierdie eenvoudige logiese weg inrig.

Daar is dus 'n fundamentele verskil tussen die Moslem en die christen se beskouing van die mens. Dit ontstaan by hulle dwaalleer rakende die erfsonde. Hulle sê: Die mens is basies goed. 'Sonde' is slegs 'n mistrap, 'n vergissing, wat deur die mens se onvolmaaktheid veroorsaak word. Hulle erken dat die mens volgens die beeld van God (Allah), geskape is en daarom kan die mensdom nie sondig wees nie. Die mens is maar net nie perfek soos Allah

nie. Die mens is slegs vergeetagtig en nalatig om die wette van Allah nie altyd reg na te kom nie. Daarom moet die mens voortdurend aan die regte pad herinner word deur middel van die profete en die 'openbaring' van Allah in die Koran en die wetboeke (die *Hadith*). Elkeen bly verantwoordelik vir sy eie dade. Onverantwoordelike optrede kan slegs vermy word deur noukeurige onderwerping aan die wil van Allah. Hierin lê dus die diepste rede vir die humanisme en rasionalisme van die Islam: Die mens kan self sy verlossing verseker deur goeie werke te doen en verstandelik 100% ingestel te wees op die wettiese lewenswyse van die 'goeie Moslem'.

Hierteenoor leer die Bybel ons dat die mens ná die sondeval van nature geneig is om God en sy naaste te haat, omdat die ganse mensdom in Adam gesondig het. Selfs die beste werke van die mens is met sonde beplek - dit kan jou nie red nie. Uit genade is Christus daarom slegs vir die uitverkore gelowiges die volmaakte Verlosser.

### 'n Geloof gebou op wettisme

Omdat die wette byna 100% op die uiterlike van die Moslem betrekking het, word die wetsonderhouding in werklikheid 'maklik'. Rituele soos reiniging of herhaling van die leer kan male sonder tal meganies uitgevoer word, sonder dat die hartsgesindheid enige verandering hoef te ondergaan. Daarenteen vat Christus die tien gebooe in een gebod saam, naamlik die liefdesgebod wat op die hartsgesindheid van die mens betrekking het. Elke christen weet dat hy uit homself hierdie enkele gebod nie kan nakom nie.

Christus het die hele wet vir ons vervul en ook die Heilige Gees in ons harte gegee, wat ons dring en dryf om tot

eer van God te lewe. Ons het dus nie soos die Moslem reël op reël en gebod op gebod nodig om reg te lewe nie. Die Moslem ken en erken die Heilige Gees nie.

### Geloof en praktyk

'n Tweevoudige eis gaan van die verbale openbaring van die Koran uit, naamlik:

Geloof (wat om te glo), ook genoem *Iman*

Praktyk (wat om te doen), ook genoem *Din*

Daar is vyf artikels van die geloof (*Iman*):

God  
Engele  
Heilige boeke  
Die Laaste dag  
Uitverkiesing

Die volgende is die vyf pilare van die praktyk (*Din*):

Herhaling van die leer  
Gebed, vyf maal per dag, wat insluit:

Reiniging - die was van sekere ligamsdele, drie maal volgens 14 reëls

Houding van gebed - met die gesig gerig op Kiblah: Mekka  
Smeking, lofprijsing en skuldbelydenis (die *Salaam*)

Vas - die maand van Ramadhan

Gee van aalmoese - ongeveer 25% van jou inkomste

Pelgrimstogte na Mekka

Dit is opvallend dat God self uiteindelik 'n baie klein deeltjie van die totale openbaring in die Koran uitmaak - slegs die eerste artikel van die geloof. Die praktyk, dit wat die mens fisies moet doen, maak by verre die grootste deel van die openbaring van die Koran uit. Die mens, en nie God nie, staan dus in die middelpunt.

Ons sou kon redeneer dat die Moslems seker baie voorbeeldige mense behoort te wees indien al hierdie wette nagekom word. In 'n sekere mate is dit wel waar, maar sommige van die eise van die Koran stem baie gerieflik ooreen met die mens se sondige begeertes. Ook die morele standaard is uiteindelik mensgesentreerd. Poligamie is 'n voorbeeld hiervan:

'Marry of the woman, who seem good to you, two or three or four; and if ye fear that ye cannot do justice (to so many), then one (only) or (the captives) that your right hands possess. Thus it is more likely that ye will not do injustice' (Sura 4:3).

Hierdie spesifieke gebod in die Koran het grotendeels bygedra tot die krag en aanvaarding van die Islam, veral onder die swart volkere. Anderson (1950, p 127) skryf: 'many pagans are attracted by the fact that Islam makes ample provision for the polygamy and easy divorce to which they are accustomed'.

## Die leer aangaande Mohammed

Die beeld van Mohammed in die Koran verskil heeltemal van die latere sienings van verklaarders, en nog meer van die volksgeloof. In die Koran tree Mohammed na vore as 'n mens wat wel hartstogtelik met sy heilige roeping en sendingopdrag vervul is, maar wat terselfdertyd diep bewus is van die feit dat daar 'n wêreldwye afstand tussen homself en God is. Hy weet dat hy niks anders as 'n slaaf van God is nie. Hy is slegs die aardse boodskapper van Allah.

Hierteenoor het Mohammed in die tradisie-oorlewering en in die volksgeloof in 'n toenemende mate 'n goddelike gestalte begin aanneem. Kraemer (1938, p 27) stel dit soos volg: 'In de dogmatiek en in de dagelijkse praktijk der Moslimsche vroomheid leeft Moehammed echter als iets heel anders, nl. als de zondeloze Voorbidder, als de Middelaar, als de Volmaakte Mensch'.

Latere verklaarders van die Koran het al hoe meer begin om die sondes en skuldbelydenisse van Mohammed wat in die Koran aangeteken is, op kunstige wyse weg te redeneer.

Daar word byvoorbeeld beweer dat Mohammed nie persoonlike sondes wou bely soos wel in die Koran opgeteken staan nie, maar veel eerder daarmee die saak van skuldbelydenis 'n gebruik (*sunna*) wou maak. Ook die feit dat Mohammed nie, soos Jesus, wonderwerke kon doen nie, word daardeur verklaar dat Mohammed geen wonderwerke nodig gehad het om sy verkondiging te ondersteun nie – die Koran is die grootste wonder van alle wonders. Mohammed se een groot wonder - om die Koran te kon skryf - is universeel, en oorskadu die tydgebonde, nasionale wonders van die ander profete (waaronder Christus een is) geheel en al. Daarby word later allerlei kleurrike oorleweringe bygevoeg wat in biografieë van Mohammed opgeteken is. Hoe meer onlangs die bronne, hoe meer wonderwerke is daarin vervat. Hierdie 'wonders' herinner baie aan die magiese vermoëns van 'n heidense toewenaar.

Talle van die dogmatiese uitsprake wat die christelike kerk oor Jesus maak, word aan Mohammed oorgedra. Ook Mohammed is ewig. Hy is die eerste geskape wese. Die engel Gabriël het hom 72 000 jare gelede reeds 70 000 maal gesien. Sy siel het reeds baie duisende jare voor die skepping in Allah se teenwoordigheid geleef. Ook ná sy dood doen hy nog voorspraak vir sy gemeente, die Moslems. Tans was hy die siele in die reinigingswater by die poort van die paradys. Hy was, is nou nog, en bly vir die toekoms die 'heilsmiddelaar'.

Ons staan hier voor 'n diep onverklaarbare geheimenis. Hierdie godsdiens verloën Christus. Vanweë 'n diepgewortelde verlange na 'n messias word sy profeet Mohammed in die plek van Christus gestel. 'n Mens word dus in die plek van Christus vereer. So word die Islam ten diepste 'n anti-christelike religie.

## 'n Wêreldse teokrasie

Die eerste Islamitiese gemeente het midde-in 'n gemeenskap wat uiters vyandig teenoor hulle was, begin groei. Mohammed het aanvanklik aanbeveel dat sy volgelinge die onderdrukking geduldig moes verdra – martelare sou vir Allah se saak in die

paradys hulle loon ontvang. Later, in die stad Medina, het hy hoogstens gewapende verdediging as die reg en plig van die 'gelowiges in Allah' verklaar. Toe die jong gemeente nog sterker geword het, het hy ook die opneem van wapens sonder enige provokasie gebied.

Uiteindelik, na die dood van Mohammed, het 'n wêreldwye veroweringsbeweging begin. Hierdie nuwe 'gemeente' wou nie net Medina nie, nie net Arabië nie, maar die hele wêreld vir Allah met die swaard verower, sodat alle mense lede van hierdie teokrasie kon word. Vir hulle was sending sinoniem met militêre diensplig.

Die wêreld is ingedeel in:

Die gebied van die Islam (*dar al-islam*)

Oorlogsgebied (*dar al-harb*)

Die eerste is gebiede waarin die Islam reeds heers, en die tweede gebiede waarin sy heerskappy nog gevestig moet word. Die godsdiens het dus in 'n toenemende mate polities gekleur geraak.

Gelukkig het hierdie drang tot wêreldoorheersing mettertyd verflou. Die gees van meerderwaardigheid en veral vyandskap teenoor die christendom, het gebly. Dit word vergestalt in hulle siening dat die Koran die finale openbaring is; dat dit die Bybel oortref; dat die Moslems alleen die bevoorregtes van Allah is. Weens hierdie meerderwaardigheidsgevoel is dit baie moeilik vir 'n christen om 'n Moslem met die evangelie te bereik.

Die neiging tot 'n wêreldse teokrasie kom vandag nog soms na vore, soos ons gesien het in die verstommende invloed wat Ajatolla Khomeini op sy volgelinge gehad het en die mag van Saddam Hoessein die afgelope jare. Wat hulle aan die Moslemvolke opgedra en vir hulle gesê het, het die gesag van Allah gedra.

Weereens staan die mens in die middelpunt. Dit loop gewoonlik uit op haat en geweld, wat 'n skerp kontras vorm met die uitlewing van die liefdesgebod, waarna gestreef word as Christus in die middelpunt staan. Vir die christen gaan dit immers nie oor eer, sukses en oorwinning in hierdie wêreld nie, want 'ons is in die

wêreld maar nie van die wêreld nie'. Gods koninkryk lê immers nie slegs in die 'politiese' hier en nou soos die Moslems beweer nie. Daarom kan die Moslem nie verstaan dat die christene erken dat ons in hierdie gebroke wêreld nog sal ly, verneder en vervolgsal word nie. Deur die beeld van God te verkrag om ondergeskik te wees aan die 'eenvoudige' menslike verstand en logika, word die Islam noodwendig 'n aardse utopiese teokrasie.

## Konklusie

Uit die vinnig verbreedende getal aanhangers van die Islam, en die

weinige effek wat christen-sending op hierdie kragtige valse godsdiens het, blyk dit duidelik dat die Islam 'n groot sendingprobleem is wat nie sonder handskoene aangepak kan word nie. As ons raaksien dat die grootste krag van die Islam juis terselfdertyd hulle grootste swakheid is, is ons op die regte pad. As gevolg van hulle humanistiese en rasionalistiese geloofs-fundamente het hulle 'n gebrek aan diepsinnige, opregte, nederige geloof in God almagtig. Menslik gesproke lyk dit vir die sendelinge of daar op hierdie twee fundamente sulke sterk wettisistiese mure gebou is dat dit onmoontlik is om die vesting

van die Islam af te breek.

Die troefkaart is egter nie 'n poging om die mure van wettisisme af te breek nie. Ons moet aanvaar dat hulle totaal verkneg is onder duisende wette en menslike voorskrifte. Hulle loop voortdurend knie-knakkende onder die gewig daarvan. Dit breek op die lange duur hulle emosionele weerstand af. Juis dit is die oop deur vir die evangelie. Laat ons invalspoort wees die *emosionele verlossing* uit hulle verknegting van wette en voorskrifte!

Dan eers moet ons voortgaan om die fondament onder die Koran self af te breek.

Op die kerkerf

Dr LM Erasmus, NG-Kerk Welkom-Wes

# Die uniekheid van ons enige geloof

Op 2 en 3 Maart is daar onder toesig van die plaaslike kerkraad by die Nederduitse Gereformeerde Kerk Welkom-Wes 'n teologiese konferensie oor die tema van die uniekheid van ons enige geloof aangebied. Die konferensie is bygewoon deur ongeveer 85 lidmate en predikante van verskillende gereformeerde kerke, waaronder ook 'n tiental predikante uit die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. By die geleentheid is drie voordragte in verband met die belydenis van ons enige en unieke geloof gelewer. Met die voordragte is aan drie vrae aandag gegee:

- Wat is aan die gang in die kerke van gereformeerde belydenis?
- Hoe behoort dit te wees in die lig van die belydenis van Christus se Hoofskap oor sy kerk?
- Wat nou? Hoe lyk die pad vorentoe?

## Verwarring oor identiteit

Dr Johan Marais van die NG-Kerk Middelburg-Kanonkop het 'n paar lyne oor die huidige gebeure binne die NG-Kerk getrek. Die NG-Kerk beleef al 'n geruime tyd toenemende interne spanning. Dit het veral ná die

laaste Algemene Sinode in Hartenbos sterk na vore getree. Dr Marais het aangevoer dat dit tans moeilik is om 'n behoorlike gesprek oor die kerk se gereformeerde identiteit van die grond te kry. Dit hou verband met die feit dat daar allermins duidelikheid bestaan oor wat hierdie identiteit presies inhoud. Volgens *Kerkspieël* is 82,2% van NG-predikante gereformeerde, 16,1% tot 'n mate gereformeerde en 1,7% glad nie gereformeerde nie. Hierdie prentjie word nog meer verwarrend wanneer 1,9% van alle respondente aandui dat hulle pentakostalisties is, 23,5% tot 'n mate en 64,6% glad nie. Hieruit moet afgelei word dat nie alle predikante binne die kerk hulleself as gereformeerde beskou nie. Oor die gereformeerde identiteit en teologie bestaan daar dus óf 'n begripsverduistering óf daar moet met die realiteit rekening gehou word dat daar predikante is wat nie meer hartlik verbind is aan die gereformeerde uitgangs- en vertrekpunt nie. Teen hierdie agtergrond het dr Marais daarvoor gepleit dat 'n teologiese debat met integriteit bedryf moet word. Eenheid in die teologie - wat beteken dat die Skrif alleen praat - moet die eenheid in die kerke dien.

## Mag in die kerk

Die feit van 'n identiteitskrisis binne die NG-Kerk hou verband met die feit dat standpunte nie behoorlik getoets word nie. Tog wil die kerk steeds 'n invloed bly uitoefen wat dan, volgens dr Marais, in werklikheid neerkom op 'n vorm van mag. In hierdie verband merk hy op: 'Om invloed te hê is niks anders as 'n vorm van mag nie. Indien invloed of mag vir die sinode of kerk so belangrik is, kan hy daarmee begin funksioneer. Om te vorder is dus om tot 'n mags- of invloedsposisie te vorder. Hiervan is die samestelling en beheer van sinodes 'n uitstekende voorbeeld'.

Die gebrek aan 'n teologiese gesprek met integriteit, asook die feit dat diversiteit in die kerk probleemloos omhels word sonder om dit behoorlik te verantwoord, lei daartoe dat ernstige teologiese en konnaessionele sake in die kerk nie behoorlik aangespreek word nie. Die akkommodering van gedagtes wat uit die gees van die postmodernisme opkom, lei daartoe dat behoorlike konnaessionele grense nie getrek word nie. Dr Marais oordeel dan 'dat die NG-Kerk bang geword het om hierdie grense te trek om daarmee te sê wie binne die gereformeerde kraal is en

wie nie'. Hy sluit af deur te sê dat dit dringend noodsaaklik geword het om weer 'eerste orde' sake aan te spreek. Dit beteken dat daar oor die Skrif en die gebruik van die Skrif nagedink moet word. 'n Behoorlike diskussie moet op dreef kom oor daardie sake wat vir die gereformeerde besef onverhandelbaar is.

## Terug na die onvervangbare bron

Dr VE d'Assonville van die Gereformeerde Kerk Colesberg/ Philipstown het 'n lesing aangebied oor die gesag van Christus. Met oortuiging het hy die gewilde gedagte afgewys dat iemand die Skrifgesag kan verwerp, maar steeds sy geloof in Christus kan behou. 'Regverdiging deur Christus hang ten nouste saam met openbaring in en deur Christus. Dit is onmoontlik om vas te wil hou aan die reddende heilswerk deur Christus (1 Korintiërs 15:1-4) sonder om terselfdertyd vas te hou aan Christus se Skrifopenbaring (1 Korintiërs 15:3b, 4b).'

God openbaar nie verskillende waarhede deur sy Woord nie, maar een waarheid wat in Christus saamtrek (Johannes 14:6). Gevolglik moet die gereformeerde teologie die relasionele waarheidsbeskouing as onskriftuurlik afwys. 'Hier, soos in die aanvaarding van die sosio-historiese metode, kom duidelik 'n Skrifbeskouing na vore wat op sy beste Arminiaans is, naamlik die gedagte dat die mens konstitutief betrokke is by die skep van waarheid (en by die ontstaan van die Woord) ... die idee om nog iewers iets van die geloof in die Here te wil oorhou terwyl die Woord van die Here afgetakel word, was daar nog altyd en sal daar altyd wees - om dit egter gereformeerd te noem (en boonop die wat aan die belydenis vashou dan as 'fundamentaliste' te wil afmaak), spreek egter eenvoudig van onkunde en/of onwetenskaplikheid en oneerlikheid' het dr d'Assonville gesê.

## Skeiding van die Woord en Heilige Gees

In die kerklike debat van vandag kom daar telkens 'n grondfout na vore: die skeiding van Woord en Gees. Nie alleen die sogenaamde 'nuwe reformasie' is daaraan skuldig nie,

maar die denkfout kom ook op twee maniere in die offisiële kerklike lewe voor. Ten eerste bestaan die idee dat die Gees aan die 'kerk' (sinodes, kerklike kommissies, ensovoorts) gegee is, sonder finale binding aan Christus deur sy Woord (vergelyk hierteenoor artikel 29 NGB oor die valse kerk wat aan homself en sy besluite meer mag toeskryf as aan die Woord van God). Tweedens kom hierdie denkfout in die kerk voor met die idee dat die Gees aan individue gegee word ('die Here het aan my gesê' of 'die Gees het my gelei') sonder uitdruklike binding aan Christus deur sy Woord. Die gevolg is dat beide die gesag van die Woord onderdruk deur enersyds die gesag van sinodes te beklemtoon en andersyds die gesag van die individu.

Verdere implikasies van hierdie skeiding tussen Woord en Gees is dat die teologie van Woordverkondiging losgemaak word. Dit kom neer op 'n skeiding van die kansel en die kateder. Dit word by name gesien in die skeiding tussen teorie en praktyk soos wat dit na vore kom in die handelingswetenskaplike praktiese teologie asook die skeiding tussen die dogmatiese en bibliologiese vakgroepe. Hierdie situasie lei daartoe dat die hele léwe van die kerk losgemaak word van die léér van die kerk.

Die kerk van Jesus Christus moet onvervals aan die Woord vashou. Dan kan die troos van die Here ook weer ter harte geneem word. 'Omdat jy my Woord bewaar het, sal Ek jou bewaar in die uur van beproewing' (Openbaring 3:10).

## Is die gereformeerde belydenis uit die mode?

Ds Jan Mostert van die NG-Kerk Philadelphia het enkele uitdagings vir gereformeerde christene in Suidelike Afrika aan die orde gestel. Aan die hand van die gedagtegoed van dr Os Guinness en prof Klaas Schilder het hy drie vrae bespreek, naamlik: wat die kerk is, wat kultuur is en wat die kerk met kultuur te make het. Volgens HK Sondag 21 is die kerk die vergadering van gelowiges wat die Seun van God van die begin van die wêreld af uit die hele menslike geslag vir Hom tot die ewige lewe uitverkies het. Omdat Christus aan sy kerk deur die Woord en

Gees 'n bepaalde roeping en opdrag toevertrou, sien Schilder kultuur as al die arbeid waartoe die mens geroep is. Dit moet verrig word in die gebondenheid aan die norme van God se geopenbaarde waarheid. 'n Mens kan alleen praat oor Jesus Christus en die kultuurlewe, nie oor christendom of net Jesus nie. Christus Jesus gryp terug op die taak wat Adam moes verrig. Die abc van die lewens- en wêreldorde is om God te gehoorsaam' het ds Mostert gesê. Die gelowige mag hom nie aan die kultuur onttrek nie - dit is gewoon sonde.

## Die derde weg

Aan die hand van dr Os Guinness se boek *The dust of death* bespreek ds Mostert die kerk se kultuurtaak en stel dan 'n derde weg voor in plaas van die toenemende polarisasie en onduidelikheid in die kerk: 'This Third Way holds the promise of realism without despair, involvement without frustration, hope without romanticism. It combines a concern for humaneness with intellectual integrity, a love of truth with a love of beauty, conviction with compassion and deep spirituality' (*The dust of death*, p 19).

Op hierdie 'derde weg' moet twee sake vermy word. Aan die een kant moet die slaggat van die liberale protestantisme - waar onsekerheid verheerlik word - misgeloop word. Hierdie onsekerheid hou in dat lewenssin nie meer is wat God uit Homself vir die mens(dom) beteken nie, maar eerder wat die mens beteken in sy soeke na God en uitdrukking in menslike terme vind. Aan die ander kant mag ekstreme fundamentalisme ook nie voorkom nie; daardeur word dringende samelewingskwessies op 'n irrasionele wyse vermy. Die derde weg sal dus nie bloot die *status quo* verdedig nie, en sal gewis ook nie langer in kulturele gevangenskap verval nie. 'Wat nodig is, is niks minder as reformasie en herlewering in die kerk nie. Dit beteken 'n herontdekking van die waarheid van God deur sy mense en 'n hernuwing van die lewe van God in sy mense', het ds Mostert gesê. Die 'derde weg' is inderwaarheid die enigste weg. Hy alléén is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Altyd. Orals. In leer en in lewe. In die liturgie en op straat. By die sinode en in die binnekamer. Aan God alleen die eer.





Uit die geskiedenis

Prof VE d'Assonville, Pretoria

## Augustinus se *De Civitate Dei* (Die Stad van God) (2)

### **Wie was die skuldiges in die val van Rome in 410 nC?**

### **Die ses groot vrae in die wêreldgeskiedenis ná die val van Rome in 410 nC**

In die internasionale politiek van destyds, die vyfde eeu (onder die Romeinse superstaat), behandel Augustinus uit Afrika die situasie in ses vrae.

#### **Eerste vraag**

Was die rede vir die val van Rome in 410 nC dat die tradisionele, heidense godsdiens na dertig jaar van christendom verwaarloos is? Was dit omdat die christelike gemeente in die plek van die heidense tempel gekom het?

Augustinus keer hierdie vraag presies om. Die oorsaak van Rome se ellende is juis omdat die afgode nog altyd aanbid en vereer word. Moenie in julle nood en paniek die skuld op die christendom pak nie. Nee, nog lank voor die koms van Jesus Christus het die heidendom van die staat Rome aan die proses van verval meegewerk. Hulle het nie volgens ewige, vaste norme en beginsels geleef nie.

### **Die seerower wat deur Alexander die Grote gevang is**

#### **Tweede vraag**

Was die toestand van die Romeinse staat vóór die koms van die christendom nie soveel beter as in 410 nC nie?

In sy *De Civitate Dei* ontmasker Augustinus die Romeinse geskiedenis

van 12 eeue as 'n puur heidense geskiedenis. Nog erger, dit was die geskiedenis van die grootste politieke rowersbende. Augustinus se oordeel oor die Romeinse geskiedenis is só skerp dat hy dit 'n reeks dade van 'n klomp skurke noem. Hy skryf openlik: 'Wanneer state die geregtigheid opsy skuif, is hulle niks anders as rowersbendes nie'. Dat heidense state hulle mag gewoonlik met geweld handhaaf, illustreer hy met 'n kostelike voorval uit die lewe van die groot imperator-generaal Alexander die Grote.

Toe Alexander (356–323 vC) 'n seerower vang en aan hom vra wat hom besiel om sulke dinge soos seerowery te pleeg, was hierdie man se antwoord brutaal: 'Generaal, ek doen presies wat jy besig is om te doen. Al verskil is dat ek dit met 'n klein skippie doen, maar jy doen dit met 'n groot vloot!'

### **Rome 'n puinhoop – wat van die toekoms?**

#### **Derde vraag**

In die eerste vyf hoofstukke van sy boek, *De Civitate Dei*, het Augustinus die mislukking van die heidendom en die Romeinse godedom as die groot rede vir die val van Rome in 410 nC beskryf. Nou kom die vraag: Wat nou? Die hoofstad van die magtige Romeinse Imperium het 'n puinhoop geword nadat die Gote dit geplunder het. Wat is nou die toekoms? Vir die christelike kerk is dit op hierdie tydstip 'n uiters belangrike vraag.

Waar die toekoms vir kerk en

staat uitsigloos geword het (vergelyk Hieronimus), sonder toekomspektief, antwoord Augustinus: Hier het nou 'n vakuum ontstaan, 'n leegte. Hy gebruik die Latynse woord *vanitas*. Hierdie *vanitas*, hierdie leegte in die geskiedenis, só sê hy, moet nou gevul word met die Koninkryk van God, met die *veritas* van die Heilige Skrif - dit is die waarheid van die Evangelie. Só staan die *veritas* dan teenoor die *vanitas*, die waarheid teenoor die leegheid, die werklikheid teenoor die skyn. Nou kom die stad van God, die *Civitas Dei*, die ewige stad waarvan die eindbestemming nie op hierdie aarde bestaan nie, in die plek van die *civitas terrena*, die aardse stad (staat).

Met hierdie ewige stad van God, die *Civitas Dei*, hou Augustinus ons aandag in die volgende twaalf hoofstukke van sy boek besig.

### **Die stad van God volgens Psalm 87**

#### **Vierde vraag**

Waarom praat Augustinus van twee state onder die mensdom? Antwoord: Hy gebruik die Bybel as uitgangspunt - met name Psalm 87:3: 'Heerlike dinge word van jou gesê, o stad van God!' Hierdie stad, die *Civitas Dei*, noem hy ook die hemelse stad. Volgens die twee stede wat teenoor mekaar staan, die stad van God en die stad van die aarde, verdeel hy die mensdom in twee groepe, naamlik hulle wat leef volgens die wil van God (volgens die Woord) en hulle wat leef volgens die wil van die mens

(die mens se woord). Die eerste groep, wat leef volgens die Woord, is voortbestem (ver kies) om saam met God in sy stad te heers; die tweede groep, wat leef volgens die wil van die mens, sal saam met Satan en met hulle stad die ewige straf ontvang. Die hemelse Jerusalem staan teenoor die aardse Babilon. Dit word alles alreeds op aarde gemanifesteer.

Twee ryke, twee state, twee soorte burgerskap, twee soorte geloof, twee soorte hoop, twee soorte liefdes ... In die wêreldgeskiedenis is hulle nog met mekaar vermeng, maar met die oordeelsdag word hulle finaal van mekaar geskei. Dan is dit skape, die ware kerk en bokke, die valse kerk (vergelyk Matteus 25:31 e.v.).

## 'n Nuwe standpunt in die kerkgeskiedenis

Augustinus se boek *De Civitate Dei* was 'n uiters belangrike deurbraak vir die kerk se insig in die verhouding kerk en staat in die vyfde eeu. Vir die eerste keer in die kerkgeskiedenis is daar 'n teoloog wat hierdie brandende onderwerp met mening vanuit die Bybel aangedurf het. Vir die eerste keer in die kerk se dogmatiek, is daar 'n predikant uit Afrika wat die moed het om die Romeinse heidendom op die wêreldforum te ontmasker. Vir die eerste keer is daar 'n kerkleier wat

vir die kerk en staat van die vyfde eeu die suiwer koers aangedui het. Ag, as die staat Rome tog maar geluister het; as die kerk van Rome tog maar geluister het! As die Vatikaan van Rome maar hierdie belangrike boek in hulle biblioteek goed gelees het! Ag, as die kerk van vandag maar weer na die stem uit Hippo Regius (Augustinus se stad) wil luister!

### Vyfde vraag

Wie is die enigste regeerder van die kerk en die staat? Vir Augustinus is daar geen twyfel nie, dit is Jesus Christus! Hy is die Middelaar tussen God en die mense, die Skepper en Herskepper, die Formeerder en die Reformator (let op hierdie term, reeds in die vyfde eeu!), die Maker en die Hersteller. Juis op hierdie voortdurende heerskappy van Christus, val alle nadruk. Wat 'n oortuigde uitspraak van Augustinus: Jesus Christus is ten volle en te alle tye en onder alle omstandighede op alle terreine die ewige Koning. Sy koningskap is wel dikwels in die geskiedenis verborge, maar is daarom nooit minder reël nie.

### Dwaling van die kerkleier Eusebius van Cesarea

Waarom was die christelike kerk en die christendom met die val van Rome

in 410 nC só kragteloos, só ontsettend power in sy evangeliese getuienis in die wêreld van destyds? Waarom het selfs die beroemde Hieronimus met die nuus oor Rome se val in sak en as gaan sit en in 'n totale moedeloosheid verval?

Die antwoord lê by die kerkleier Eusebius van Cesarea (265-339 nC). Eusebius was die eerste kerkgeskiedskrywer wat dit in 10 boeke, van Pinkster tot 324 nC, behandel. In hierdie werke het hy die kerk op 'n gevaarlike dwaalweg oor hulle toekomsverwachting gelei. Die grootste van hierdie dwalings was dat Eusebius 'n eensydige chiliasme van 'n 1 000-jarige Vrederyk verkondig het waarin die gekerstende Romeinse Ryk gestalte moes vind.

Ons kan dit in eenvoudige verstaanbare taal soos volg stel: Eusebius het die kerkgeskiedenis laat versand in die gebeurtenis toe die christelike godsdiens in 380 nC staatsgodsdiens geword het. Van toe af, so het Eusebius verkondig, het die wonderlike 1 000-jarige Vrederyk binne die grense van die Romeinse Ryk aangebreek.

*(Volgende keer: God se plan met die geskiedenis)*

Persskou

Ds GJ Meijer, Wonderboompoort

# Eenheid, verband, skeuring

Op 5 Maart 2005 is 'n kerkekonferensie in Pretoria gehou. Die konferensie is deur vyf meewerkende kerkrade belê, en het ten doel gehad om te besin oor die besluite van Sinode 2003 wat tot verdeeldheid in die GKSA lei. Daar is gefokus op afwykende Skrifbeskouings (leer), onskriftuurlike liturgiese 'aanpassings' (diens) en kerkordelike geskilpunte (tug).

Nog voordat die konferensie plaasgevind het, verskyn 'n artikel van prof A le R du Plooy in *Die Kerkblad* (Maart 2005, p 18 w).

Die titel daarvan: KERKeenheid, KERKverband, KERKskeuring. Prof du Plooy skryf onder andere:

*Ek wonder regtig of ons nog genoeg erns maak met die eenheid van die kerk, ook met ons onderlinge geloofsgemeenskap met mekaar, veral as ons van mekaar verskil. Doen ons dinge reg? Mense sou argumenteer dat ons bo alles die waarheid moet liefhê, maar deel van die waarheid is ook eenheid. Is dit in lyn met ons gereformeerde wyse van kerkregering om konferensies oor sinodebesluite te hou? Hoe kan dit die eenheid*

*en waarheid dien as dit hoofsaaklik ondersteun en bygewoon word deur almal wat reeds besluit het dat die sinodebesluite nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie? Dit lyk al te veel na 'n mobiliseringspoging. Hoe verskil dit van die vorming van partyskappe binne ons kerkverband?*

*... Ons het nêrens afgespreek dat konferensies die weg of metode moet wees waar kerklike sake behandel sal word nie, veral nie wanneer daar sulke ernstige beskuldigings gemaak word dat die besluite in stryd is met die belydenis en verskeurend van aard is*

*nie! Waarom word die ooreengekome weë wat in die kerkorde aangedui is, en waaraan ons ons almal verbind het, nie gevolg nie? Miskien sal iemand beweer dat die sake later ook op die kerkordelike manier – byvoorbeeld in sinodes – aan die orde gestel sal word. Dan bly die vraag nog steeds: Waarom word dan naas die meerdere vergaderinge waarin al die kerke in die verband van die GKSA verteenwoordig sal wees so 'n onordelike metode gevolg? Onordelik omdat die kerke wat belang het by die saak nie ordelik deur die roepende kerk – wat deur al die belanghebbende kerke aangewys is – opgeroep word nie, omdat almal wat belang het by die saak nie daar wil of kan wees nie, en selfs behoort te wees nie en omdat dit in stryd is met die onderlinge afspraak (art 86 KO). Kerke-konferensies het geen kerkregtelike status nie, en kan dus geen besluite neem wat bindend is nie.*

Dit is nie die eerste keer dat prof du Plooy opmerkings oor onkerkordelike optrede maak nie. In *Waarheid en Dwaling* van Januarie 2004 is 'n skrywe van hom bespreek waarin hy die jaarvergadering van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel (VGL), sowel as die bestaan van die VGL ernstig bevraagteken. Volgens hom is dit kragtens die besluit van Sinode 1958 (p 288), naamlik 'dat die beginsel dat op die kerklike erf geen vereniging bestaansreg het nie, onverswak gehandhaaf moet word', nie korrek dat 'n vereniging soos die VGL bestaan nie; nog minder dat

die vereniging 'n jaarvergadering belê waartydens 'kerklike sake' bespreek word. Dieselfde beswaargrond skemer in bogenoemde *Kerkblad*-artikel deur. 'n Kerkekonferensie is onordelik.

Sonder om alles te herhaal wat reeds tevore oor dié saak geskryf is, blyk dit tog noodsaaklik te wees om die kern daarvan te verfris en vas te lê. Daar is naamlik 'n wesenlike verskil tussen on-kerkordelike en nie-kerkordelike optrede. On-kerkordelik kom neer op 'n aksie wat in stryd met die kerkorde onderneem word. So 'n aksie mag nie geduld word nie, want dit beteken dat die onderlinge akkoord van saamleef en -werk verbreek word. On-kerkordelike optrede strek tot oneer van God en lei tot kerkverwoesting. Nie-kerkordelik is egter heeltemal iets anders. Nie-kerkordelik wys op optredes en aktiwiteite wat nie direk met die kerkregering en kerkorde te doen het nie. Die VGL is byvoorbeeld 'n nie-kerklike organisasie, en kan gevolglik nie in terme van die kerkreg en kerkorde bestuur, beheer, gemeet en bekritisiseer word nie.

Wat die kerkekonferensie betref: dit is 'n byeenkoms van gelowiges, waaraan geen kerkregtelike sanksie verleen word nie. Dit is uitdruklik tydens die konferensie so gestel. Daar word geen besluite geneem wat langs of in die plek van bestaande besluite van kerklike vergaderings staan nie. Daar word alleen maar besin oor vraagstukke. Daar word saam

gedink en gebid en gevra vir wysheid. Daar word gewys op die kerklike weg wat ten alle tye bewandel moet word, en hoe dit bewandel moet word. Natuurlik is dit slegs kerklike vergaderings wat bindende besluite neem. Maar dit neem nie weg dat kerke ook op 'n ander wyse koppe bymekaar kan sit om te besin oor wat ons in die lig van God se Woord te doen staan nie. As dit nie meer sou kon nie, het ons in die donker put van sinodokrasie verval.

Wat belangrik is, is dat dit wat in sulke konferensies bespreek word, oop en eerlik en vir almal toeganklik moet wees. Ons moenie 'n mentaliteit van 'n geheime organisasie openbaar waarvolgens slegs enkele ingeligtes wat met die hand uitgesoek is sal bepaal in watter rigting die kerk van Christus gemanipuleer word nie. Wat in die binnekamer gesê word, moet ook op straat en in 'n kerklike vergadering gesê en in tydskrifte en koerante gepubliseer kan word.

Wat wel eienaardig (sterker nog: hartseer) is, is die opmerking: 'omdat almal wat belang het by die saak nie daar wil of kan wees nie'. Hoekom sal iemand wat werklik en van harte belang het by die saak wat bespreek word – al stem hy nie met al die gespreksgenote saam nie – nie by sodanige bespreking *wil* wees nie? Dwing opregte besorgdheid oor mekaar se wel en wee gelowiges nie juis na mekaar toe as daar verskil van mening oor belangrike sake is nie?

## Is daar 'n uitweg?

In dieselfde *Kerkblad* staan 'n gesprek opgeteken wat die redakteur, prof JH van Wyk, met prof JM Vorster gehad het (p 10).

Die redakteur vra: *Bied die kerkreg aan ons enige uitweg uit die dilemma waar die meerderheid van 'n kerkvergadering van oordeel is dat 'n bepaalde besluit Skriftuurlik verantwoord is, terwyl die minderheid van mening is dat daardie besluit onskriftuurlik is?*

Prof Vorster antwoord: *Hieroor kan*

*'n mens baie sê, maar ek volstaan met twee sake. Eerstens dink ek dat die sinodes hulle met te veel sake besig gehou het wat op mindere vergaderings hanteer kon word. So het die vryheid van plaaslike kerke in gedrang gekom. Ek is daarvan oortuig dat baie meer sake oorgelaat kan word aan die vryheid van die plaaslike kerk. Veral waar 'n sinode nie duidelikheid oor 'n saak het nie moet die hantering van die saak oorgelaat word aan die vryheid van die plaaslike kerk wat as mondige kerk in die lig van die Skrif*

*onder leiding van die Gees daaroor kan besluit. Ek noem 'n voorbeeld: Enkele jare gelede het die sinode gesê dat hy nie duidelikheid het oor die gebruik van bekere of kelkies by die Nagmaal nie. Twee sinne daarna besluit die sinode egter dat die kerke hulle moet hou by 'n vorige besluit dat slegs die bekere gebruik kan word! Dit is gewetensdwang en druis in teen een van die grondbeginsels van gereformeerde kerkregering. By die laaste sinode het ek 'n kentering bemerk waar die sinode enkele sake*

wel oorgelaat het vir die plaaslike kerke om oor te besluit. Wanneer die sinode egter wel 'n besluit geneem het moet ons die besluit sien as 'n onderlinge ooreenkoms tussen kerke en elkeen moet hom by die onderlinge ooreenkoms hou totdat hy/sy die sinode oortuig het dat die ooreenkoms nie beginselgronde het nie. Dit is tog wat kerkverband beteken. Om sinodebesluite te ignoreer is onordelik en kerkafbrekend.

Die kwessie wat hy aanraak oor die sinode wat nie duidelikheid oor sake het nie, en dit dan maar aan die plaaslike kerk oorlaat om onder leiding van die Gees volgens die Woord van God mee te handel, boor in die hart van die huidige kerkregtelike dilemma. Hoekom sal kerkrade duidelikheid oor sake kry as die sinode dit nie kry nie? Is die

Skrif op kerkraadsvlak duidelik, maar op sinodevlak onduidelik? Ons weet die probleme lê elders. Nie by die duidelikheid van die Skrif nie, maar by die duidelike onduidelikheid van die kerke wat in die meerdere vergadering byeenkom. En die maneuvreer om van beginselsake middelmatige sake te maak en dit sodoende van die sinodetafel weg te wentel.

Die kerkgeskiedenis (onder andere die gebeure by Sinode Dordrecht 1618/19) leer ons dat daar langs die weg van gesamentlike luister na die Skrif en diepgaande gesprek algehele duidelikheid oor die duidelike Skrif moet wees. Daardie duidelikheid moet ons met mekaar deel, sonder om 'n spel van wesenlik en middelmatig te speel.

'n Enkele opmerking oor prof Vorster se stelling met betrekking

tot gehoorsame uitvoer van sinodebesluite. Hy beklemtoon tereg die bindende krag van sinodebesluite, alhoewel die term *tensy* van artikel 31 KO met *totdat* vervang is. Die implikasie hiervan is dat, indien iemand op grond van Skrif, belydenis en/of kerkorde oordeel dat 'n bepaalde sinodebesluit ongeldig is, hy/sy in sy/haar gewete aan die besluit gebind is totdat 'n beswaar daarvoor aangehoor en uitspraak gelewer is. Dit kan nie. Dit mag nie. Die oomblik as *tensy totdat* word, regeer die mens, en nie die Here deur sy Woord en Gees nie.

'n Laaste vraag: tot watter mate word prof Vorster se oproep om die bindende 2003-besluit insake die afwys van nagmaalkelkies in die kerke uitgevoer?

## Ekklusiewe Doppers

### VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

#### Redaksie:

Dr ALA Buys  
Mev J de Wind  
Ds HLJ Momberg  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 332 4676  
e-pos: alabuys@lantic.net  
jdewind@mweb.co.za

#### Medewerkers:

Dr AH Bogaards  
Dr EA de Boer  
Prof GJC Jordaan  
Ds GJ Meijer  
Ds SJMS Smit  
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

#### Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das  
Waarheid en Dwaling  
Posbus 31712, Totiusdal, 0134  
Tel 012 331 4733 (na 14:00)  
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za  
Faks 012 335 9135

#### Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

**Waarheid en Dwaling**  
**Spaarrekening 9054701904**  
**ABSA, Waverley, Pretoria**

#### Tegniese versorging:

Printburo  
Posbus 25316  
Gezina, 0031

'n Brief van advokaat Zachia Eloff van Bloemfontein verskyn ook in die Maart-uitgawe van *Die Kerkblad*. Onder die opskrif 'Die GKSA en eksklusiwiteit' stel sy dat dit vir haar tyd geword het om 'n besluit te neem of sy 'n lidmaat van die Gereformeerde Kerk gaan bly of nie. Sy is 'n gebore en getoë Dopper, maar worstel met die vraag of sy 'n verskoning het vir die eksklusiewe wyse waarop sy in kerkverband haar geloof beoefen.

Met eksklusiwiteit bedoel sy reëls van *insluiting en uitsluiting*. *Waarom steeds aanhou stry oor formalistiese detail soos nagmaalkelkies, waarom die gestry in sekere gemeentes oor nuwe omdigtings van die Psalms? Daar word, in my beskeie mening, soveel tyd en aandag bestee om seker te maak dat die leer suiwer bly dat ons die doel van Christenskap begin miskyk. Dra die intense soeke na suiwer leer werklik aktief by tot die taak om God se koninkryk op aarde te laat kom? ... Dit is my intensie om die Geref. Kerke te verlaat omdat ek voel die beheptheid met reëls en regulasies, die rigiditeit, is besig om soos 'n ma te word wat haar eie kleintjies doodlê.*

Na my mening is advokaat Eloff verkeerd in haar oordeel dat daar te

veel tyd aan die suiwerheid van die leer bestee word. Die Skrif leer ons uitdruklik dat ons die geeste op die proef moet stel of hulle uit God is (1 Tessalonisense 5:21; 1 Johannes 4:1). Dwaalleraars lê soos wilde wolwe en loer op die kudde van die Goeie Herder (Handelinge 20:28,29). Om sonder enige begroning te reken dat die vraagstukke grondliggend aan die nagmaalkelkie, die nuwe Psalmomdigting en die vrou in die besondere amp op eksklusiwiteit dui, is ondeurdag. 'n Mens moenie dit ignoreer as iemand jou daarop wys dat die wolf huil terwyl jy dink dis 'n skaap wat tevrede blêr nie.

Tog is advokaat Eloff reg as sy ons wys op ons taak in God se koninkryk. Daardie oproep mag nie in die wind geslaan word nie. Ons moet onself eerlik ondersoek – tree ons werklik daadkrachtig ooreenkomstig die suiwer leer in die koninkryk op? Waar is die positiewe Gereformeerde stem waar dit kom by onderwys, filosofiese denke, wetenskapsbeoefening, en dies meer? Hier en daar is 'n begin gemaak om die beginsels van die Skrif in die wydheid van die lewe te laat sien – onder andere in die onderwys. Maar die land lê nog in baie opsigte braak. Die werk wag!